

INLIGTING VIR KERKRADE SE GEBRUIK OP DIE AANKONDIGINGS SONDAE OOR SINODALE KOLLEKTES

VERPLIGTE SINODALE KOLLEKTES

Formule vir sinodale bydrae, punt 3.1.1(ii)
Hierdie kollekte word opgeneem as aanvulling van die betrokke kommissie se begroting. Met
ander woorde, dit kan nie gebruik word om die gemeentelike sinodale bydraes te help betaal nie.
(Kerkorde Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland 2016, bladsy 76)

1. **VGKSA – Phororo**

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1994 tot stand gekom deur die vereniging van die destydse NG Sendingkerk en 'n deel van die NG Kerk in Afrika. Die streeksverwysing na die VGK in die Noord-Kaap en Noord-Wes Provinsie is Phororo. Die VGK Phororo bestaan uit ongeveer 40 gemeentes. Baie gemeentes kan nie 'n leraar bekostig nie. Daar is bykans op elke dorp van ons sinodale gebied 'n VGK Phororo gemeente wat sal baat vind by hierdie kollekte.

2. **Botswana**

Die sinode in Noord-Kaapland is in vennootskap met die *Dutch Reformed Church of Botswana* (DRCB). Die vennootskap fokus daarop om die DRCB by te staan met die funksionering van hulle kerk en die aanspreek van die unieke bedieningsbehoefte van die Afrikaanssprekende lidmate. U gawe sal 'n bydrae lewer tot die funksionering van die vennootskap.

3. **NGKA-Phororo**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo is die produk van die sendingwerk van die NG Kerk. Hulle bestaan uit 34 gemeentes in die Noord-Kaap en Noord-Wes Provinsie. Daar is slegs 11 leraars wat al die gemeentes bedien. Baie van die lidmate leef in armoede en daarom is daar groot nood. U bydrae sal help om die bediening in die NGKA te ondersteun.

4. **RCA Pearl Kimberley**

Die RCA (Reformed Church in Africa) is 'n susterkerk van die NG Kerk wat hoofsaaklik die Indiër gemeenskap bedien. RCA Pearl gemeente is geleë in die hart van die Moslems en Hindoes gemeenskap in Kimberley en is die enigste Christelike kerk in daardie omgewing. Hierdie gemeenskap is baie arm en Pearl probeer die gemeenskap help deur elke Dinsdag 'n sopkombuis te hou. Die lidmate van Pearl is self ook afhanklik van die sopkombuis. Die sopkombuis is geheel en al afhanklik van donasies. Baie van hierdie donasies kom interessant genoeg juis van die Moslem gemeenskap af. Op hierdie manier word die evangelie oorgedra aan hierdie gemeenskap. Kontak vir Schalk Kruger vir meer inligting (Sel nr. 082 498 1842; e-pos: schalk101@webmail.co.za)

5. **Hospitaalbearbeiding**

Die Caritas Gemeenskapsfokus beskik oor en organiseer 'n span vrywilligers om pasiënte in hospitale in Kimberley te besoek as 'n diens aan plattelandse gemeentes. Die volgende hospitale word besoek: Kimberley Hospitaal, Medi Clinic Hospital, Gariep Medi Clinic, Hospice, Renal Care en Harmony Homes. Indien 'n pasiënt behoefte het aan gesprek met 'n leraar, word dit gereël.

Plattelandse leraars kry eenmaal per kwartaal per faks inligting oor lidmate wat besoek is. Indien dringende besoeke nodig is, kan leraars die volgende nommer skakel en die nodige reëlins sal getref word:

Sandra Walles: 053-8328153/4.

Dr JS Henning: 078 126 2526

6. **Caritas Kinder- en Jeugsorgsentrum**

Die kinderhuis beskik oor een kampus: Jannie Roux Kampus te Barkly-Wes waar daar 80 kinders versorg word.

Die behoefte aan fondse bly groot en die kinderhuis bly afhanklik van die goedgesindheid van lidmate en gemeentes. Caritas Kinder- en Jeugsorgsentrum poog om versorging en terapeutiese programme vir die kinders van hoogstaande standaard aan te bied, asook om vir kinders wat uit 'n vyandige omgewing kom 'n veilige en sorgsame tuiste te skep.

7. **Jeugwerk**

Jeugwerk in die NG Kerk, deur die NG Kerk, vir die NG Kerk binne die sinode van Noord-Kaapland!

Kinders is ons toekoms en die kerk van vandag. JONK NK ondersteun graag 82 gemeentes met hul jeugbediening. Die kollekte word direk gebruik om gemeentes te bemagtig in alle fasette van jeugwerk in ons sinodale streek.

As jy meer wil weet, kontak

Ds. HK (Heinrich) Viljoen by 082352661 of heinrich@ngkathu.co.za.

Ds. S. (Santie) Nel by 0832997227 of santie@ngharmonie.co.za

8. **VBO (voortgesette bedieningsontwikkeling)**

Die sinode besluit dat gemeentes primêr verantwoordelik is om leraars finansiël in staat te stel om die nodige bedieningsvaardighede te behou deur aan die verskillende fasette van voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) deel te neem. ('n Begroting van 1% van die totale uitgawe begroting van gemeentes vir VBO behoort min of meer die norm te wees.) Indien gemeentes dit nie (finansiël) kan bekostig om hulle leraars op die wyse finansiël te ondersteun nie, kan hulle aansoek doen by die taakspan predikanteversorging om finansiële hulp uit die VBO reserwefonds.

Dié kollekte word aangewend om gemeentes te help wat dit nie kan bekostig om uitgawes ten opsigte van VBO te dra nie en help ook om jaarliks 'n gratis VBO-aangeleentheid aan te bied.

9. **Gemeentebediensfonds**

Ons ideaal is om hierdie fonds baie sterk te maak. Ons help gemeentes wat finansiël swaar trek om die bediening voort te sit. Ons het 50 uit 82 gemeentes wat minder as 300 belydende lidmate het. Dit gaan toenemend nodig wees om gemeentes by te staan. Hierdie hulpfonds is 'n baie mooi illustrasie van wat 'n sinode is: Gemeentes wat vir mekaar omgee.

10. **Teologiese en maatskaplike werk studiefonds**

Teologiese studie

Ons wil graag 'n fonds opbou waarmee ons teologiese studente kan help om hulle studies te voltooi. Ses jaar se voltijdse teologiese studie kos baie geld. Die getal teologiese studente het baie verminder en 'n tekort aan predikante kan weer ontstaan. Ons moet help om te sorg dat daar leraars beskikbaar sal wees vir beroeping deur gemeentes.

Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het tydens die sinode van 2010 besluit

Die sinode besluit om kerkrade en ringe te versoek om kennis te neem van die studiestuk Tekort aan predikante – Implikasies en Uitdagings (Agenda sinode 2010, Aanhangsel 9, bladsy 90-93) en dat kerkrade en ringe die uitdagings wat 'n tekort aan predikante teweeg bring op toepaslike wyse aanspreek.

Ons ondersteun studente aan Teologiese Fakulteite, nl. Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein en Mafikeng. Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het tydens die sinode van 2008 opdrag aan die sinodale kommissie vir hulpdienste gegee om die befondsing vir teologiese studies te vergroot. In 2018 is beurse aan 5 teologiesestudent toegeken.

Maatskaplike studie

Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het tydens die sinode van 2010 opdrag aan die sinodale kommissie vir hulpdienste gegee om beurse beskikbaar te stel vir maatskaplike werkstudente. In 2018 was daar geen aansoek nie.

11. **Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF)**

Die kerk van die Here Jesus is geroep om die gemeenskappe waarin ons lewe met barmhartigheid en aktiewe betrokkenheid te help opbou. Gelyktydig word mense ook met die Woord bedien.

Die doel van die Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF) is:

- Om uitvoering te gee aan die diens- en getuienis roeping van die kerk van die Here Jesus Christus soos telkens deur die sinode bepaal.
- Om diens- en/of getuienis projekte, wat waar moontlik gesamentlik deur die familie van NG Kerke geloods word en gerig is op die uitbreiding van die koninkryk, maar nie deur die begroting befonds kan word nie, te ondersteun.
- Om in verdienstelike gevalle, bediening binne die familie van NG Kerke, vir 'n beperkte termyn te befonds.

Gemeentes en ringe kan by die fonds om hulp aansoek doen.

VRYWILLIGE SINODALE KOLLEKTES

Die volgende kollektes is vrywillig. Dit beteken kerkrade is nie onder 'n verpligting om dit op te neem nie.

Sien *Sinode 2016 - Agenda en Handeling, bladsy 249, punt 19.2*

5.4 *Vrywillige sinodale kollektes*

5.4.1 *Versoeke vir "vrywillige kollektes", om huidige bedienings-behoeftes aan te spreek, moet jaarliks voor einde Oktober deur sinodale kommissies by taakspan beplanning en begroting ingedien word.*

5.4.2 *Nadat taakspan beplanning en begroting in November die "vrywillige kollektes" goedgekeur het, word 'n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in 'n skrywe, naamlik Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondaes oor sinodale kollektes, aan gemeentes deurgegee.*

12. **"Kans vir 'n kind/mens"**

Die aantal mense in die Suid-Afrikaanse samelewing wat dit moeilik vind om finansiële te oorleef het geweldig toegeneem. Waar daar in gemeenskappe maatskaplike/welsynsorganisasies bestaan, het die druk om hulp te verleen by wyse van voedselvoorsiening verhoog. Gemeentes is by wyse van hul diakonale dienste by hulpverlening aan mense in hul gemeenskap betrokke. Dit is egter dikwels dieselfde hulpbehoewende mense/lidmate van gemeentes wat om 'n verskeidenheid van redes ook emosioneel baie swaar kry. Waar pastorale versorging van volwassenes en kinders uitloop op professionele terapeutiese diens wat gelewer moet word, is hierdie persone/lidmate eenvoudig nie instaat daartoe nie. Dit is dikwels werklose mense of persone sonder mediese fondse. Die "Kans vir 'n kind/mens" bied finansiële ondersteuning sodat meer mense in sodanige situasies professionele hulp by die teropiesentrum te Caritas Gemeenskapsfokus kan ontvang.

Hierdie fonds word op die oomblik baie vinnig uitgeput vanweë die steeds groter wordende aantal mense wat hulp nodig het. Die fonds word ook sodanig uitgebrei dat nie net kinders nie, maar ook volwassenes gehelp kan word.

Hierdie spesiale kollekte sou ons graag byvoorbeeld jaarliks aan Novembermaand wou verbind. Novembermaand is die maand van aktivisme teen die mishandeling van vroue en kinders. Baie van die persone wat professionele hulp nodig het, is getraumatiseerde vroue en kinders.

13. **Alzheimer's Noord Kaap**

Die Noord Kaap Alzheimer's Vereniging bestaan reeds vanaf 2009 in Kimberley. Ons is 'n nie - winsgewende besigheid wat graag 'n verskil wil maak in die lewens van persone met demensie, hul families en versorgers.

Die Noord Kaap Alzheimer's Vereniging lewer dienste aan persone met demensie en hul familie sowel as hul versorgers om die kwaliteit van hul lewens te verbeter en te verseker. Om die verbetering van die kwaliteit van die lewens van persone met demensie te verbeter, is ons betrokke by opleiding van professionele persone soos Maatskaplike werkers en verpleegkundiges, versorgers, personeel by klinieke en individue wat betrokke is by tuis versorging van persone met demensie. Tuis besoeke en evaluering van persone met demensie om moontlike plasinge in alternatiewe versorgings oorde te bespreek en bewusmakings praatjies in die gemeenskap maak ook deel uit van beskikbare dienste. Elke 3 sekondes is daar in die wêreld iemand wat met demensie gediagnoseer word. Een uit elke tien persone ouer as 65 jaar sal met demensie gediagnoseer word. Hierdie siekte is besig om toe te neem. September is Wêreld Alzheimer maand en ons versoek dat indien ons versoek goedgekeur word, die vrywillige kollekte vir Alzheimer's in September jaarliks sal wees.

Die Noord Kaap Alzheimer's Vereniging is dus afhanklik van donasies om dienste te lewer aan persone met demensie en hul families. U finansiële bydrae sal ons in staat stel om voort te gaan met hierdie dienste.

14. **CAD (Christelike Afhanklikheidsdiens)**

Daar is 'n lang pad van samewerking tussen die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en die Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD). Die fondse word hoofsaaklik gebruik vir noodsaaklike reis en verblyf koste, asook die koste van behandeling van behoeftige afhanklikes (dikwels in die vorm van subsidie of rentevrye lenings).

Vrywillige kollektes vir die CAD word ingesamel so naby as moontlik aan die 1ste Sondag van die derde kwartaal, maar verkieslik nie gedurende skoolvakansie nie. Om die administrasie te vergemaklik kan die gemeente fondse aan die sinodale kantoor oorbetal. Die Noord-Kaap gebiedsbestuur van die CAD sal die verantwoordelikheid neem om die fondse oordeelkundig te bestuur met verslag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.

Daar is tans 9 aktiewe takke: Vryburg, Kathu, Daniëlskuil, Upington, Delpportshoop, Kimberley, Douglas, Christiana en Jan Kempdorp.

Die volgende is in die proses van stigting: Hartswater, Postmasburg en Kuruman.

16. **Tsabong Missional Conference**

Hierdie konferensie het ten doel om leraars en lidmate te begelei in 'n proses om die gestuurde karakter van kerkwees beter te verstaan en word bygewoon deur gemiddeld 70 persone – selfs van buite Botswana. Die impak van die konferensie blyk nie onderskat te word nie. Die gemeente Kgalagadi sukkel om die koste t.o.v. die spreker byeen te bring.